**BYLAE A**

| BYLAE /ADDENDUM<br>BESIGHEIDSTUDIES SS/NSS V1 MEI/JUNIE 2025 | | | |
|---|---|---|---|
| **Vraag** | **Toevoegings** | **Redes** | **Pad vorentoe** |
| 2.5 | **Soorte defensiewe strategieë** | | |
| | **Aflegging**<br>Ken punte toe vir:<br>- Beëindiging van die indiensnemingskontrakte van werknemers weens operasionele redes. √ | Hierdie punt verskyn in die DBO-handboek. | **Aanvaar die uitgebreide weergawe:**<br>- Beëindiging van indiensnemings-kontrakte/Ontslag van werknemers vir operasionele/strukturele/ herstruktureringsredes/om koste/uitgawes te verminder. √ |
| | Ken punte toe vir:<br>- Besighede kan pryse verlaag/afslag verskaf/aansporings vir klante/verbruikers aanbied om sluiting te vermy. √ | Hierdie punt verskyn in die DBO-handboek. | Hierdie punt sal nie in die toekoms aanvaar word nie omdat dit nie noodwendig die betekenis van aflegging as 'n defensiewe strategie kontekstualiseer/verduidelik nie. |
| | **Likwidasie**<br>Ken punte toe vir:<br>- Verkoop van alle bates om krediteure te betaal weens 'n gebrek aan kapitaal. √ | Hierdie punt verskyn in die DBO-handboek. | **Hierdie punt is ingesluit in die uitgebreide weergawe in die nasienriglyne:**<br>- Verkoop van alle bates /Die beëindiging van die sake-aktiwiteite a.g.v die onvermoë om krediteure terug te betaal/bankrotskap/gebrek aan kapitaal. √ |
| 2.6 | **Ander voordele van die WVBBS** | | |
| | Aanvaar die volgende antwoorde:<br>- Bevorder veiligheid van werknemers √ in die werkplek. √<br>- Werknemers dra nie √ by tot hierdie fonds nie. √<br>- Eisprosesse √ is relatief eenvoudig. √ | Hierdie punte verskyn in die DBO-handboek en DBO-notas. | **Hierdie antwoorde sal aanvaar word soos hieronder uitgebrei:**<br>- Bevorder gesondheid en veiligheid vir werknemers √ wat ongelukke in werkplek verminder. √<br>- Werknemers dra nie by tot hierdie fonds nie √ wat moraal in die werkplek verbeter. √<br>- Eisprosesse is relatief maklik √ wat tot betydse uitbetalings lei. √ |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
1 2 -06- 2025

| Vraag | Toevoegings | Redes | Pad vorentoe |
|---|---|---|---|
| 3.3.2 | **Voordele van induksie** | | |
| | Aanvaar die volgende antwoord:<br>- Verseker dat nuwe werknemers die reëls/beperkinge √ van die besigheid verstaan.√ | Hierdie punt verskyn in vorige NSS nasienriglyne. | **Hierdie antwoorde sal aanvaar word soos hieronder uitgebrei:**<br>- Verseker dat nuwe werknemers die reels √ en beperkinge in die besigheid verstaan. √ |
| 3.7 | **Handel-stap van die BDKH model** | | |
| | Aanvaar die volgende antwoord:<br>- Ontwikkel strategieë √ oor hoe om deurlopend te verbeter. √ | Hierdie punt verskyn in vorige NSS nasienriglyne. | **Hierdie antwoorde sal aanvaar word soos hieronder uitgebrei:**<br>- Ontwikkel strategieë √ oor hoe om operasionele prosedures voortdurend te verbeter. √ |
| 5.4.6 | **Reg op billike waarde/goeie gehalte en veiligheid** | | |
| | Aanvaar die volgende antwoord:<br>- Verwerp goedere wat nie dieselfde is √ as die monster wat bemark is nie. √ | Die antwoord word uitgebrei sodat dit anders verskyn as die feit onder ***die reg om te kies***. | **Hierdie antwoorde sal aanvaar word soos hieronder uitgebrei:**<br>- Goedere te verwerp wat nie van dieselfde gehalte is √ as die monster wat bemark is nie. √ |
| 6.4 | **Rol van die onderhoudvoerder tydens die onderhoud** | | |
| | Aanvaar die volgende antwoorde:<br>Laat die kanditaat √ op sy gemak voel. √<br>- Laat die kandidaat/aansoeker √ op sy/haar gemaak voel. √<br>- Moenie die kandidaat/aansoeker √ mislei/waninlig nie. √ | Hierdie punte verskyn in vorige NSS nasienriglyne. | **Hierdie antwoorde sal aanvaar word soos hieronder uitgebrei:**<br>- Laat die kandidaat/aansoeker op sy/haar gemak voel √ om goeie antwoorde te bekom. √<br>- Moenie die kandidaat mislei/waninlig √ deur vrae wat nie verband hou met die posisie te vra nie. √ |

**DBE** **UMALUSI**

**DATUM: 12 JUNIE 2025**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
12 -06- 2025